

Saterdag 1 Maart

Skrifgedeelte: Psalm 107 (AFR83/2020)

Fokusgedeelte: Psalm 107:1-3, 43

Dank die Here!

Wanneer ons die Here dank en loof vir wat Hy reeds gedoen het, versterk dit ons geloof met die oog op wat vir ons voorlê.

Psalm 107 se digter kyk na die verlede en erken dat die Here wat Hom aan Abraham en sy nageslag verbind het, goed is. Sy trou en liefde het geen einde nie.

Die Psalm illustreer die Here se troue liefde in die verlede. Met die uittog het Hy sy pas bevryde volk deur die barre woestyn na Kanaän gelei (vs 4-9). Op hierdie onbekende, soms benouende pad kon hulle aan God se beloftes vashou. Hy was getrou aan sy beloftes en het hulle in die beloofde land gebring.

Tweedens fokus die digter op Here se liefde in die tyd toe Hy hulle as gevolg van hulle opstand en ongehoorsaamheid in ballingskap laat wegvoer het (vs 10-22). Toe hulle hul bekeer en Here om hulp roep, het Hy hulle uit hulle benoudheid verlos.

Derdens dink die digter na hoe God hulle bewaar het in tye toe hulle nuwe ondernemings begin het en op skippies geklim het om handelsgeleenthede te ontgin. Hy het hulle telkens weer by veilige hawens gebring.

Wanneer mens terugkyk in jou lewe, sien mens bakens wat getuig van die Here se troue liefde. Daarvoor kan en moet ons Hom dank. Méér nog, dit waarvoor ons Hom dank, herinner ons Hy is steeds getrou. Daarom kan die mense aan wie die Here Homself verbind het ook vandag uitdagings met vertroue tegemoet gaan, weet Hy is genadig en Hy gee 'n nuwe toekoms vir hulle wat van verkeerde paaie terugdraai. Ons hoef nie bang te wees wanneer ons nuwe moontlikhede ontgin nie. Omdat Hy getrou is en sy beloftes nakom, kan ons Hom nou reeds dank.

Sing: Psalm 107-1:1, 3

Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld/Tzaneen)